

**10 Mei**

**Johannes 20:11-17**

***Die Here kan ook nie vasgehou word nie***

Tot haar troos moes Maria Magdalena leer: Haar Here kan nie weggevat word nie.

Tot haar vermaning moes sy egter ook leer: Die Here kan nie vasgehou word nie.

Maria was oorweldig deur die verskyning van Jesus aan haar na sy opstanding. Sy wat so verslae en bedroef gemeen het haar Here se liggaam is weggevat, herken Hom skielik hier voor haar as Hy haar op haar naam noem: "Maria"!

Sy wil Hom, haar Here, vasgryp en nooit meer laat weggaan nie. Dan klink dit egter of Jesus haar wil wegstoet met sy woorde: "Moet My nie vashou nie".

Waarom doen Jesus dit? Hy het tog die ander dissipels en Tomas uitgenooi om aan Hom te raak en nie gekeer as hulle sy voete vasgryp en Hom aanbid nie.

Nee, Maria wou Hom nie vashou om te aanbid nie maar om Hom altyd so as Leermeester by haar te hê. Sy moes ook nog hier leer dat die Here nie vasgehou kan word net soos ons Hom wil hê by my of ons nie. Ons kan Hom ook nie vashou met ons hande, ons verstand, ons krag, ons opvattings of ons eiewillige selfsug nie. Nee, die Here is te groot, te ewig, te heilig en almagtig om deur ons vasgehou te word. Sy werk gaan voort. Dit omvat die hele wêreld, die hemel en die ewigheid.

Die werk van sy Vader moet Hy in die hemel as almagtige Here en Koning gaan voortsit ook ter wille van al Gods kinders en erfgename en ons ewige heerlikheid. Hoe kan ons die Here wat alle mag in die hemel en op aarde ontvang het ooit vashou.

Sing: Psalm 68:9

Ds. P.J.W. Linde (Ventersdorp)